

Dinsdag 10 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-7

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1 (AFR53)

God gee sekerheid deur geloof

Om te glo, is om opreg oortuig te wees dat die Here Jesus ook vir jǒú gesterf het en vir jǒú uit die dood opgestaan het. Wie so glo, is met God versoen en vir ewig sy kind. Van hierdie geloof wat die Heilige Gees in ons harte bewerk het, hoor ons meer in Hebreërs 11.

Hierdie geloof is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop. Dit beteken dat jy wat deur jou geloof 'n kind van God geword het, doodseker is dat jou Vader in die hemel vir jou alles sál gee en doen wat Hy belowe het om vorentoe nog vir sy kinders te gee en te doen. Hierdie geloof is ook 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Al sien jy nog nie die Here en dit wat Hy vorentoe vir ons gaan gee en doen nie, weet jy só seker dat dit werklikheid gaan word dat hierdie geloofsoortuiging vir jou soos 'n bewys daarvan is.

Hierdie geloof is onmisbaar vir 'n lewe saam met God (vs 6). As jy nie glo dat God bestaan en dat Hy Hom laat vind deur mense wat Hom soek nie, is daar nie 'n band met God nie en leef jy sonder Hom. Hierdie geloof is ook nie net 'n blote siening nie, maar 'n krag wat gelowiges anders laat dink oor sake as ongelowiges (vs 3), wat hulle dring om God te dien (vs 4) en om in geestelike gemeenskap met Hom te lewe (vs 5), wat hulle laat doen wat Hy van hulle verwag, al druis dit teen die gang van die hele mensdom in (vs 7).

Met hierdie diep en vaste sekerheid van die ware geloof kan en moet ons vandag ook die Here soek en dien en gehoorsaam.

Sing: Psalm 37-1:23, 24, 25

Ds. SD Snyman (Danie) (emeritus)